

# Waarom Twyfel ? (Why hesitate ?)



An Anti-Apartheid Demonstration in the F. R.G. Kein Geld Für Apartheid.

MET die toename in ons stryd, word talle mense voor die keuseprobleem geplaas. Baie besluit om deel te vorm deel van die demokratiese massa terwyl andere besluit om by die Botha-regering te skaar. Graag wil ek my uitlaat oor die laasgenoemde groep wat hulle ook die neutrals noem.

Ongelukkig bestaan daar nog baie twyfel by ons gelowiges. Gepraat van gelowiges, verwys ek nie net na Christinne nie, maar na almal wat godsdienst beoefen en dus deel uitmaak van die "RELIGIOUS COMMUNITY". Die twyfel waarna verwys word kom daarop neer dat nog steeds die vraagstelling: Moet ek betrokke raak by 'n regverdige en demokratiese stryd in ons land? Dis tragies om op HIERDIE stadium nog te worstel met genoemde vraag. Mense om jou sterf daagliks, nie dat hulle siek was nie maar a.g.v. die wreedheid van die polisie en

veiligheidsmagte (SADF)

Kinders word in konsentrasiekampe aangehou, nie dat hulle die wet oortree het nie, maar omdat hulle met gebalde vuiste uitskreeu: Hoe lank nog al hierdie lyding? Deur middel van die noodtoestand en 'n verbod op progressiewe persberiggewing is derduisende onskuldiges in tronke gestop vir onbepaalde periodes en geen nuus betreffende die S.A. situasie bereik die buiteland nie.

Volgens Botha is dit belangrik dat die noodtoestand van krag bly sodat "vrede" gehandhaaf kan word. Jeremia (30:5) spreek die volgende betreffende "die soort vrede": "This is what the Lord says: Cries of fear are heard, terror not peace." Hier word daar verwys na die Israëliete in die Babiloniese ballingskap. Onder die juk van die Babiloniers was die Israëliete wreed onderdruk terwyl die owerheid alles 'n sy vermoee gedoen het

om "vrede" te handhaaf.

Van watter vrede praat Botha immers? Is dit vrede wanneer die veiligheidsmagte (SADF) woonbuurtes patroleer en onskuldiges aanrand en vermoor? Is dit vrede wanneer die polisie en SADF begráfnisgangers met traangas, rubberkoels en lewendige ammunisie bestook? Is dit vrede wanneer jy onder 'n wettelose noodtoestand moet leef wat onbepaalde magte verskaf die polisie en SADF? Is dit vrede wanneer jy gedurig vreesbevange skuiling soek want arrestasie en brutale aanranding is die orde van die dag?

Is dit vrede wanneer gemeenskappe teen wil en dank wreed verskuif word? Is dit vrede wanneer die bloeddorstige monster (SADF) sy landsgrense oorskry en onskuldiges in buurstate vermoor? As dit die "vrede" is waarna Botha verwys, soek ek dit nie. Daar

kan VREDE wees soder geregtigheid nie.

Dis die situasie waarin ons ons bevind. As gelowiges is daar genoeg rede om weg te skram van die werklikheid en te se: Here, ek is bang, ek wil nie betrokke raak nie. Die vraag mag ontstaan: Waarom moet ek betrokke raak by 'n regverdige en demokratiese stryd? Ek is 'n gereelde kerk-ganger, volg my godsdienst-disiplinêre streng, betaal my tiendes maandeliks en bid vir almal. Ook is ek betrokke in my kerk organisasies. Wat meer word van my verwag? Gelowige, betrokkenheid eindig nie in ons afsonderlike kerk, moskee of sinagoge nie.

Ons vorm deel van 'n gemeenskap wat apartheid beoefen en die wereld met leuns voer. Telkens word ons daarvan bewus gemaak dat politiek nie in die kerk beoefen word nie. Dit word gese teen die agtergrond van waar die NGK 'n belangrike rol gespeel het met die formulering van die apartheidsbeleid. Die apostel Jakobus (2: 14) herinner ons daaraan dat geloof sonder werke dood is. Wat beteken dit dan om uiting te gee aan jou geloof in S.A.? Hier dink ons veral aan Imam Haroon wat met sy lewe die hoogste prys betaal het.

As 'n streng godsdienstige leier het hy in die hande van die polisie gesterf. En dis nie omdat hy skuldig bevind was enige misdaad nie, maar omdat hy geglo het in geregtigheid, demokrasie en vrede. Ook dink ons Dr Beyers Naude wat standpunt ingeneem het teen apartheid en gevolglik ingeperk was vir 7jaar. d.w.s. hy kon nie preek en terselfder tyd ook nie die grense van Johannesburg oorskry nie. Fr. Mkhatswa en eerw. Molefe Tsele geniet ook ons aandag.

As gelowiges is hulle bereid om die hoogste prys te betaal vir vryheid, geregtigheid en vrede. Hier vergeet ons nie die talle gelowiges wat steeds aangehou word omdat hulle het probeer het om uiting te gee aan hulle geloof.

Die Kairos Dokument begin met die woorde: "The time has come. The moment of truth has arrived". Waar staan jy betreffende die waarheid? Aanvaar jy nog steeds tot die letter wat die Botha-regering SE en DOEN? Soek jy nog steeds na bybeltekse om jou te pas sodat jy kan wegskrum van die werklikheid? Die uur het aangebreek en jy staan voor 'n keuse. Die uur het aangebreek en vra vir konkrete betrokkenheid . . . d.w.s. raak betrokke by 'n stryd wat gelei word deur die ANC.

Die ANC was gestig op 8 Januarie 1912 in Bloemfontein - hoofsaaklik vir die beywering van swart politieke regte. Die beginsel van 'n geweldlose stryd was aanvaar gekenmerk deur petisies, deputasies en demonstrasies. Van tyd tot tyd het deputasies na Brittanje gegaan en het selfs met die eertydse regerings onderhandel vir ons politieke regte. Al hierdie pogings het van niks gekom nie. Intendeel die vreedsame optogte was telkens wreed onderdruk deur polisie aanrandings en arrestasies.

Die invloed van die kerk in die lewe van die ANC, kan duidelik gesien word, veral met ons stigting in 1912. Ons 1ste president was J.L. DUBE (192-1917), 'n leraar in die Congregational Church. Tesame met ander gelowiges het hulle leiding en vorm aan die ANC gegee toe dit nog wettig was en selfs toe dit onwettig verklaar is in 1960. In 1944 met die stigting van die

ANC-Jeugliga, het nuwe idees na vore gekom.

Met nuwe dryfkrag, het demonstrasies nou 'n baie meer militante karakter aangeneem-nog steeds beginsel van 'n geweldlose strydvoering. 26 Junie 1955 was die hoogtepunt in ons geskiedenis toe die VRYHEIDSMANIFES (FREEDOME CHARTER) deur die mense opgestel en aanvaar was. Die term "mense" verwys hier na almal wat deel uitmaak van die S.A. samelewing. Tot op datum is dit ons maatstaf vir 'n nie-rassistiese, demokratiese S.A. |

In 'n onlangse koerantberig beweer Fr. Mkhatswa dat baie christinne nog nie die vryHEIDSMANIFES aanvaar het nie . . . HOEKOM? Volgens die christelike leier is daar geen klousule in die VRYHEIDSMANIFES wat indruis teen ons geloof nie. Fr. Albert Nolan van die Rooms Katolieke Kerk het die volgende te se betreffende die VRYHEIDSMANIFES: "I would therefore dare say that, since the churches are called to read the signs of our times, the FREEDOM CHARTER with all its limitations be taken seriously as one of the signs of our time and as one of the places we must look for the prophetic voice of GOD.

The FREEDOM CHARTER can help us bring our abstract principles and statements down to earth. And even more importantly it can challenge us to look more critically at our real motives and assumptions".

Op 'n vraag van: Is die waardes wat in die VRYHEIDSMANIFES bevat word in ooreenstemming met die van ons Christelike waardes, het Fr. A. Nolan en Aardsbiskop D. Tutu die volgende te se:

Fr. A. NOLAN: "Much of the Charter is an appeal for

basic human rights; the right to vote, the right to education, housing and work, the right to form trade unions, to travel freely, to worship; to receive medical care and so forth. There is no difference between the rights demanded here and the statements of the churches about human rights".

Aardsbiskop D. Tutu: The Freedom Charter is the handwork of S.A. of all races and colours and ages . . . It speaks about our common humanity and our common South African citizenship . . . about a sharing society, about a caring community, about a compassionate fellowship . . . about providing for each according to their need . . . about a just, participatory and sustainable society".

Die gebeure op 21 Maart 1960 in Sharpsville waar 69 onskuldige mense vermoor en honderde beseer was, het grootliks daartoe bygedra tot

die besluit en aanvaarding van 'n gewapende strydvoering. In dieselfde jaar was die ANC onwettig verklaar. Chief A. Luthuli het die volgende te se in die verband: "Who will deny that thirty years of my life have been spent knocking in vain, patiently, moderately and modestly at a closed and barred door? What have been the fruits of moderation? The past thirty years have seen the greatest number of laws restricting our rights and progress, until today we have reached a stage where we have almost no rights at all".

Belangrik was dat na 49 jaar van geweldlose strydvoering, was Umkhonto we Sizwe (Spear of the Nation) op 16 Desember 1961 gestig. Dit was aangekondig deur 'n reeks ontploffings wat landwyd die aarde geskud het. Vandag word die ANC deur die Botha-regering gevrees; nie soseer dat

ons 'n gewapende stryd voer nie, maar omdat die ANC die mense verteenwoordig en gevolglik so aanvaar is. In Mei verlede jaar het die Wereld Raad van Kerke hier in Lusaka ons stryd in totaal aavaar. d.w.s. ons gewapende strydvoering was na jare van twyfelagtigheid deur die W.R.K. uiteindelik aanvaar. Deur die besluit het ons 'n mylpaal bereik in ons stryd vir vryheid, geregtigheid en vrede.

Na hierdie breedvoerige uiteensetting, kan daar nog rede wees vir twyfel? Die besluit is joue. . . Besluit nou om jou deel by te dra vir 'n toekoms waar jy jou geloof vryelik kan beoefen.

Die vraag lei: Hoe lank nog gelowige sal jy hunker op twee gedagtes? Hoe lank nog sal jy die mense mishandeling aanskou en stilbly?

VOORWAARTS TOT 'N REGERING VAN DIE MENSE. . .

## CONSTITUTIONAL GUIDELINES FOR A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA

THE Freedom Charter, adopted in 1955 by the Congress of the People at Kliptown near Johannesburg, was the first systematic statement in the history of our country of the political and constitutional vision of a free, democratic and non-racial South Africa.

The Freedom Charter remains today unique as the only South African document of its kind that adheres firmly to democratic principles as accepted throughout the world. Amongst South Africans it has become by far the most widely accepted programme for a post-apartheid country. The stage is now approaching where the Freedom Charter must be converted from a vision for the

future into a constitutional reality.

We in the African National Congress submit to the people of South Africa, and to all those throughout the world who wish to see an end to apartheid, our basic guidelines for the foundations of government in a post-apartheid South Africa. Extensive and democratic debate on these guidelines will mobilise the widest sections of our population to achieve agreement on how to put an end to the tyranny and oppression under which our people live, thus enabling them to lead normal and decent lives as free citizens in a free country.

The immediate aim is to create a just and democratic

society that will sweep away the century's old legacy of colonial conquest and white domination, and abolish all laws imposing racial oppression and discrimination. The removal of discriminatory laws is, however, not enough; the structures and the institutions of apartheid must be dismantled and be replaced by democratic ones. Steps must be taken to ensure that apartheid ideas and practices are not permitted to appear in old forms or new.

In addition, the effects of centuries of racial domination and inequality must be overcome by constitutional provisions for corrective action which guarantees a rapid and  
Continued on page 27